Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

23 Oktober 2024
OB 39

Beste Ouers

Ons het verlede week 'n pragtige kultuuraand gehad. Ek glo almal wat dit bygewoon het, sal met my saamstem. Ons het leerders op die verhoog gesien met uitstaande talent! Baie dankie aan al die deelnemers en die Montie Personeel, wat vir die reëlings gesorg het.

'n Groepie atlete het verlede Vrydag aan die Bredasdorp Top 10 atletiekbyeenkoms deelgeneem. Hierdie atlete het oor die algemeen uitstekend presteer. Die meeste van hulle oefen ook op hul eie en sit baie ekstra tyd in om te oefen. Hul harde werk werp beslis vrugte af.

Ons graad sewes woon hierdie week hul kamp te Melkbos by en ons hoop hule geniet die drie dae. Intussen verloop die skoolprogram volgens beplanning en ons leerders is druk besig met hul klaswerk en sport in die middae.

U word herinner aan die Algemene Ouer- en Begrotingsvergadering, wat gehou word op Woensdag 6 November om 19:00 in die personeelkamer. Tydens hierdie vergadering gee die beheerliggaam algemene terugvoer oor die jaar se werksaamhede. Die begroting vir 2025 word voorgelê vir goedkeuring deur die ouervergadering. Ons het ook 'n agendapunt om die gedragskode van die skool te bespreek.

Alles van die beste vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Maandtema:
Erkenning
Weektema:
Neem deel aan verskeie sportsoorte

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 23 Okt	Gr.7 Kamp (Melkbos)
Donderdag, 24 Okt	Gr.7 Kamp (Melkbos)
Vrydag, 25 Okt	Gr. 5 Uitstappie Entrepreneurs: Ope GF Boeke huis toe
Dinsdag, 29 Okt	Tennis teen Laerskool Ashton (Dogters tuis & Seuns weg)
Woensdag, 30 Okt	Graad 6 Kamp Wemmershoek
Donderdag, 31 Okt	Graad 6 Kamp Wemmershoek
Vrydag, 1 Nov	Graad 6 Kamp Wemmershoek Entrepreneurs: Ope Tennis: Bane - Interdistrikte byeenkoms

PERSONEEL VERJAARSDAE

Julante van Zyl: 25 Oktober

Madelene Victor: 26 Oktober

Lisa Plomp: 27 Oktober

Joshua Blacklaws: 31 Oktober

KULTUURAAND

Ons het Donderdag, 17 Oktober 2024, ‘n Kultuuraand gehou by ons skool waar ons Monties hul kultuurtalente kom wys het. Altesaam 117 Monties was die aand op die verhoog.

Daar was gedigte, redenaars, ‘n monoloog, prosa, klavierspel en ‘n danssolo. Die GF en IF spreekkore het ook hul skooldebuut gehad. Ons twee kore het gesing en die aand afgesluit met ‘n pragtige massakoor.

Baie dankie aan alle rolspelers om die aand ‘n sukses te kon maak. Dankie aan die toeskouers en ‘n spesiale dankie aan elke deelnemer. Julle was tops.

ATLETIEK: BREDASDORP TOP 10

Altesaam 22 atlete van Laerskool Montagu het Vrydag, 18 Oktober deelgeneem aan die Bredasdorp Top 10 atletiekbyeenkoms. Die Monties presteer baie goed en behaal die volgende medaljes: 3 goud, 4 silwer en 4 brons.

Laerskool Montagu behaal ook die 2de plek in die afdeling "Skole Kleiner as 600 leerders".

Jenö Jacobs ontvang die beker vir die meeste punte op die ASA tabel vir o. 13 seuns, asook die beker vir die beste seunsatleet. Jenö behaal eerste plekke in 80mH, 100m en 200m. Hy stel ook nuwe rekords op in 80mH en 100m.

Baie geluk aan al die Monties wat ons skool se naam hoog gehou het! Dit was regtig 'n lekker byeenkoms.

KRIEKET UITSLAE

Woensdag, 16 Oktober 2024 het twee o. 13-krieketspanne 'n wedstryd teen mekaar gespeel.

Albei spanne het goeie tellings behaal en almal het boulkans gekry.

Die spelers het dit baie geniet, dankie!🏏🏏

TENNIS TEEN SWELLENDAM

Op 14 Oktober 2024 het ons eerste tennisspan teen Laerskool Swellendam gespeel. Die spelers het baie goed gevaar. Seuns speel gelyk en meisies verloor. Baie geluk aan elke speler🎾

AKADEMIESE TOEKENNINGS – KW3

GRAAD 4
Neve Alston
Viljoen Conradie
Roux Datson
Jozua Conradie
Lianké de Beer
Kylie de Koker
Keshia Jantjies
Anzél Joubert
Jaymar King
Lemark Liebenberg
Winique Mouries
Hay-Lee Plaatjies
Kennedy Plaatjies
Noah Poelman
Isabella Prinsloo
Zak Rautenbach
Baron Rudolph
Aliai Stopforth
Catherine Stout
Chloe Swanepoel
Monya van der Merwe
Liné van Eeden
Braic Vellem

GRAAD 5
André Bosman
Suna Bussell
Stephan de Waal
Josua du Toit
Caelee Farao
Jani Fourie
Daniël Gous
Kaylah Hughes
Anno Jansen
Herman Joubert
Akhanye Kewane
Anke Lombaard
Adia Philander
Megan Prinsloo
Luka Sadie
Daniël Smit
Kobun Stemmet
Sion Stemmet
Liam van der Merwe
Henlo van der Walt
Karlien van Niekerk
Tamryn Visser
Mia Vorster

GRAAD 6
Cody Adendorf
Olivia Alston
Avenathi Bhozo
Petronella Burger
Cari Conradie
Liané de Beer
Charlissa Jordaan
Wian Joubert
Alaina Meyer
Ross Moses
Jeannesse van der Merwe
CJ van Deventer
Jacques Visagie
John van Deventer
Ruvé Williams

GRAAD 7
Adri Bothma
Emma Hahndiek
Tamar Hendricks
Jenö Jacobs
Mieke Joubert
Luan Koekemoer
Mariké-Mari McAlpine
Danielle Meyer
Owen Ngabaza
Carolina Smit
Henco van der Walt
Ilke van Deventer
Christiaan van Eeden
Ruben van Niekerk
Annabelle van Zyl
Thys Venter

HILLS CHALLENGE

Welgedaan aan al die Monties wat Saterdag aan die Hills Challenge deelgeneem het. Baie geluk aan die pryswenners:

Steyn Stemmet

Anzél Joubert

Jayden Phiri

GR. R-KUIERDAG

Ons sien baie uit na die Gr. 1's van 2025 se kuier op Dinsdag, 5 November 2024 van 10:30 tot 12:00. Hulle gaan die skool verken en lekker aktiwiteite doen. Ons tel al die slapies af tot ons jullle sien.